Die doop word vanmore bedien aan Tiarie Joubert, eersteling van Meyer en Estia Joubert. Ons saam met julle baie dankbaar vir die Here se verbondsteken aan haar. Baie welkom aan al die familie en vriende wat ook vanoggend saam met ons hier aanbid.

Tema: Bid dat God aan ons (sy kerk) nuwe lewe gee.

Vooraf sang
Sb 1-2: 1, 2, 3
Lied 287: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs), 4 (ouers)

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 10-2
Votum
Seën
Loflied Ps 33-2: 1, 7
Geloofsbelydenis uit NGB artikel 1 (gemeente bely hardop saam)

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Kolossense 3: 1 – 11
Antwoord op die wet Sing Sb 8-1: 1, 2
Gebed;
Doopformulier
Sing na bediening van doop:Ps 105-1: 5 (kleuters gaan na hulle bediening)

Woorddiens
Verduidelik: Kerkgroei bediening – vanoggend, Woensdag, fokustyd
Skriflesing**:** Psalm 85
Psalm 85: 5 – 8 – lees ou 1933 vertaling
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Sb 15–1: 1, 2, 3, 4
Liefdegawes;
Gebed vir Bediening na Buite: EuropeseVlugtelingkrisis (skyfiereeks)
Slotsang Sb 8-3: 1
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Kan die kerk werklik geestelik nuut word en groei?

Geliefde brs. en srs.

Dit is ŉ vraag wat in baie predikante en lidmate se harte leef wanneer ons oor kerkgroei dink en praat. Kan dit regtig gebeur dat ons gemeente tot inkeer kan kom en ons Godgegewe roeping reg verstaan en Geesvervuld uitleef? Anders gevra: Kan die GKSA weer geestelik herlewe en groei in haar diens aan die Here?

V**anuit ŉ menslike oogpunt is dit ŉ baie relevante vraag.** In die lig van wat die Kerkgroei Bediening behels en van wat dit van alles van ons as gemeente en kerk verg, lyk dit inderdaad menslikerwys na ŉ onmoontlike taak.

Sommige is blatant negatief hieroor. Hulle skryf die kerk af en meen dit is makliker om ŉ nuwe kerk te plant wat dan van die begin af die roeping reg sal uitleef as om te probeer om nuwe lewe in ŉ ou kerk te blaas. Hulle hou van die gesegde dat jy nie ŉ ou hond nuwe truuks kan leer nie!

Die Here gee ons in Psalm 85 egter vanmore **die regte perspektief op die saak van nuwe lewe in sy kerk.** Die psalmdigter is oortuig daarvan dat God nuwe lewe aan sy "ou" en "geestelike dooie" kerk kan gee en daarom bid hy pleitend dat God nuwe lewe aan sy kerk sal gee. EN die skrywer is oortuig dat God dit kan gee en hy leef en werk hy met die vaste hoop dat dit sal gebeur!

Maar, br. en sr., hierdie nuwe lewe begin wanneer ŉ platgeslane kerk op haar knieë voor God leef! Daarom roep die Here ons op: **Bid dat God nuwe lewe in ons, sy kerk, gee**. Dit is die tema van die Woordbediening: Bid dat God nuwe lewe in ons, sy kerk, gee.

1. Die kerk is gebou op die reddende genade van God (verse 1 – 4)

Die vraag is: waar kom hierdie vaste geloof en oortuiging van die psalmdigter in God vandaan? Hy kyk in vers 1 – 4 terug na God se werk in die verlede! Geliefdes, die eerste belangrike saak wat ons moet onthou, **is: die kerk se bestaan is geanker in die Verbondsliefde van die Here.**

Hierdie psalm is geskrywe in die tyd net nadat die klein oorblyfsel van die volk uit die ballingskap teruggekeer het na Jerusalem en hulle land. Van die eens magtige ryk van Juda en Israel is daar niks meer oor nie. Die Here het sy volk gestraf met die ballingskap en met hulle terugkeer het hulle weliswaar beleef dat die straf verby is en dat hulle met groot vreugde nou weer die Here kan dien. Maar ons weet uit geskrifte soos oa. Haggai, Sagaria, en Nehemia dat hierdie terugkeer geen nuwe geestelike lewe in die volk van die Here bewerkstellig het nie. Dit gaan eintlik geestelik nog sleg met die kerk en hulle beleef baie probleme. Dit is asof die **gees van ballingskap nog in hulle leef en die digter ervaar dit asof God se straf nog op hulle rus.**

Maar, belangriker: **die digter besef die doodse toestand van die volk en gryp terug na God se troue verbondsliefde.** Die Here het ons teruggebring! Die Here het ons sonde vergewe. Die Here is nie klaar met ons nie! Inteendeel, vers 1 sê die Here het behae in sy volk en het vir hulle ŉ nuwe toekoms geskep.

Brs. en srs., besef ons werklik die geestelike toestand van ons kerk? Besef ons die erns van die probleem waarmee ons vandag worstel? Net soos Israel kan ons nie sê ons kan terugkeer na iets wat eens was nie! Ons moet van nuuts af begin!

En tog is daar nog baie predikante en lidmate wat sê dat alles eintlik in die GKSA reg is, ons moet net so hier en daar ŉ verstellingkie maak en dan is ons op koers! So baie besef nie hoe ver ons in sekere kernsake van die Here se Woord en opdrag weggedwaal het nie!

Nog belangriker: **Weet ons waar ons kerk se wortels lê om weer daarheen terug te keer en hulp te soek?**

Want die tweede saak waarop die digter ons wys is: **Net God kan nuwe lewe gee aan mense – sy kerk- wat biddend daarna soek. (Verse 5 – 8)**

Geen mens of Kerkgroei bediening kan aan die kerk nuwe lewe gee nie! Geen sinodebesluit of kerkraadsbesluit kan ŉ mens vernuwe nie! **Net God alleen!** Daarom bid en pleit die digter dat God gelowiges sal omdraai en bekeer en nuwe lewe aan hulle sal gee (vers 7).

Hierdie nuwe lewe wat God gee beskryf Calvyn in sy kommentaar is soos mense wat in die woestyn reis in uit water geraak het. Hulle en versmag van die dors onder die hitte van die son lê hulle in die sand – hulle kan nie verder nie! En dan bring iemand water wat hulle verkwik! Iemand bring dit wat nodig is om weer krag te kry en op te staan en die reis voort te sit! Dit is wat God aan gelowiges, aan my en jou, aan sy kerk, doen! Hy gee aan sy kerk nuwe lewe! En daarom is die antwoord op ons vraag: **kan dit alles regtig gebeur natuurlik: ja! Want God gee nuwe lewe!**

ŉ Nuwe lewe wat begin as gelowiges – gewek deur die Heilige Gees – opnuut toegewyd aan die Here wil lewe! ŉ Nuwe lewe wat begin wanneer die kerk op haar knie biddend van God hierdie lewe smeek! Was dit nie die belofte van ons Here Jesus nie? Dat die Vader die Gees en daarmee nuwe lewe sal gee aan hulle wat sonder ophou daarvoor bid nie?

Brs. en srs., glo ons dat bekering by ons nodig is en bid ons daarvoor? Is ons waarlik ŉ biddende kerk? Glo ons nog dat God nuwe lewe aan die GKSA kan gee en dat ons onvermoeid elke dag daarvoor moet bid. In ons huise, in ons kleingroepbedieninge, in Bybelstudie, in ons erediens, by ons kerklike byeenkomste en vergaderings! Dat ons biddend pleit: Ag Here, gee ons nuwe lewe!

Die Here sê vanmore vir ons: Bid, bid en bly bid dat God nuwe lewe gee! Bly op jou knieë! Daarom is gebed en van die sleutelpilare van ons Kerkgroei Bediening.

Die vraag wat ons gemeente moet antwoord is: Hoe gaan ons ons gebedsbediening hierop rig?

Derdens leer die psalm ons: God bring nuwe lewe deur sy Woord en deur gehoorsame gelowiges (Vers 9)
Die Here bring nuwe lewe deur sy Woord en daarom vra die digter om te hoor wat God sê. Ware, volhoudende groei bewerk God deur sy Woord. Daarom is ons Kerkgroei Bediening gebaseer op die Woord!

Maar die vraag is brs. en srs.: **Glo ons nog dat Woordverkondiging die sleutel tot nuwe lewe is? Glo ons dat die Here mense deur sy Woord en Gees verander?** Of soek ons eerder na ander truuks om die ou hond te probeer leer? **Nog belangriker: luister ons nuut – soos nuutbekeerdes – na die Woord?** Of het ons dalk soos Israel horende doof geword vir wat God sê. Is ons vasgevang in tradisie en menslike oorlewering? Of dalk in gemaksone van gewoonte?

Want gelowiges wat na God se Woord luister – doen wat Hy sê! Daarom waarsku die psalmdigter in vers 9 dat die volk nie weer moet terugval op die ou wee nie! As jy God nuut hoor, doen dan ook opnuut wat Hy jou beveel!

God bring ook nuwe lewe deur gehoorsame gelowiges wat sonder vrees doen wat Hy vra! Gehoorsame leiers wat ander inspireer om ook waarlik gehoorsaam te wees aan God se wil! Gehoorsame lidmate wat ander lidmate inspireer en saamneem op die pad van geloofsgehoorsaamheid. So werk God in en deur ons – word ons sy medewerkers

Die laaste wat God ons vanmore uit Psalm 85 leer is dat gebed en gehoorsaamheid aan jou ŉ vaste hoop op die nuwe lewe gee! (vers 10 – 14)
Die digter leef met die vaste hoop en oortuiging in sy hart dat God die nuwe lewe sal gee. **Vers 10: "Waarlik, uitkoms is naby vir die wat die Here dien!"** Hy sien uit na ŉ tyd waar God se reddende genade, sy trou, sy voldoening en vrede bymekaar sal kom as vrug van die nuwe lewe in die kerk.

Kyk net weer na vers 11 volgens die 1933 vertaling en luister na die 4 groot Bybelse begrippe met ryke inhoud: "goedertierenheid en trou ontmoet mekaar, geregtigheid en vrede kus mekaar! Hy sien uit na ŉ tyd waar al hierdie groot en wonderlike dinge bymekaar sal kom en duidelik sigbaar sal word in die lewe van die kerk.

Brs. en srs., jy moet blind wees om nie ons Here Jesus en sy offerwerk in hierdie vers raak te sien nie! Want waar het God se verbondsliefde en God se trou en God se geregtigheid en God se vrede saamgetrek in een punt! Net op een plek: in Jesus Christus ons Here! Hy was die hoop van die Ou Testamentiese kerk wat God vervul het! In Hom is die gebed van psalm 85 vervul!

Hy is die nuwe lewe van sy kerk! Hy is jou en my nuwe lewe. In Hom is en word ons sonde vergewe en kan ons nuut leef! **Hy is die nuwe lewe van sy kerk want God het die kerk as bruid aan Hom verbind en Hy het haar met die Gees gedoop**! Wie op Hom hoop en wie in Hom lewe – het nuwe lewe en het ŉ vaste hoop op die beloftes van God!

Meer nog: Christus stuur nou hierdie nuwe kerk die wêreld in. Waarom het God Israel uit ballingskap laat terugkom? Om een rede: om hulle oorspronklike opdrag uit te voer deur ŉ lig vir die nasies te wees!

Meyer en Estia – die inhoud van julle doopsbelofte word in Christus saamgetrek! Dat julle Tiarie so lei dat sy in ‘n lewende verhouding met Christus staan en Hom gehoorsaam en dien!

Christus het vir die kerk God se verbondsliefde gewys, God se trou het in Hom sigbaar geword. In Hom het God geregtigheid laat geskied en deur Hom het daar vrede gekom! En nou is ons die draers van hierdie dinge.

Geliefdes kom ons leef en werk dan in die Here se kerk met hierdie vaste hoop en verwagting! Want as ons nie werk asof God dit gaan doen nie, sal ons ook niks doen nie! Want God is nie klaar met die GKSA nie! Hy het ons maar pas teruggebring op ŉ nuwe pad van kerkgroei en fokus op die regte dinge!

Kom ons bid dan dat God hierdie nuwe lewe aan ons, sy kerk, gee!
ŉ Nuwe lewe geanker in die verbondsliefde van God
ŉ Nuwe lewe afgebid van God, sonder ophou, smekend en vol hoop
ŉ Nuwe lewe – die gawe wat God self gee deur sy Woord en Gees
ŉ Nuwe lewe van gehoorsaamheid aan sy Woord
ŉ Nuwe lewe met ons hoop gevestig op Christus – Hy wat die volheid van sy kerk is en alles in almal vervul.

Amen

Kom ons Sing Sb 15 – 1: 1 - 4